BUSH TELEGRAPH

November 2008

Disclaimer
The views expressed in this publication are not necessarily those of the editor, the club or committee and they do not accept responsibility for them. While every care is taken with reproduction of photos and other articles, the persons above do not accept liability for loss or damage to the articles supplied.

P1…… Chair's Report
P2…… Events calendar
P2…… Run Info
P3…… Feedback : Rooinek
P4…… Feedback : Rooinek
P6…… Feedback : Oosterkand Kinderhuis
P7…… Feedback : Informal Driver Training day
P7……. Food on the Run
P8……. FUNNY
P8……. FOR SALE
P9…….Code of Conduct & Runs Protocol
P9…….Member Information

Chair's Report

November 2008

En daar is die winkels al reeds vol kersversierings, nog 'n jaar wat einde se kant toe staan. Dit is weer heerlik om te kan hoor hoe ons lede die uitstappies wat georganiseer was geniet het. Baie dankie aan almal wat betrokke was met die steeksaamtrek by Rooinek, ons het baie positiewe terugvoering ontvang. Ek moet vir Henk, Ingrid en Swanie uitsonder vir al hulle harde werk. Dan was daar ook ons goedgunstige „sponsors", LA Sport, Builders Express Walmer en Hardening Services. Ons is ook baie dankbaar vir die "baasmense" van Rooinek vir al die braaihout, lemoene en naartjies wat hulle saam met 'n wonderlike kampeer terein voorsien het.
Dit was heerlik om saam met Ben en sy span van die Tuinroete te kuier, ons sien uit na die volgende een.

Aan almal wat gehelp het met die Oosterland naweek ook 'n baie groot dankie, veral vir Zelda wat verantwoordelikheid vir die organisasie van die naweek opgevat het.

Gys is busy with the final arrangements for the driver training for new members and the planning for our year end / Xmas outing are well underway.

All these arrangements and hard work has to come from somewhere, and for that we thank every one on the committee who contribute so much. The club can not exist without the members and without member participation the club can not function. Next year at the A.G.M. we need to elect a lot of new committee members, please give it some thought as most of the current committee are at the end of their term.

Chairman:	Johan Westraadt	term end, nominations welcome
Vice Chair / Driver training:	Gys Kleyn	mid term, current
Treasure / Secretary:	Hans Bester	term end, nominations welcome
Run Co-ordinators x 2:	Henk Terblanche	term end, nominations welcome
	Vacant	nominations welcome
Club Captain / PR:	Pierre Rocher:	term end, nominations welcome
Newsletter:	John Swanepoel	term end, nominations welcome
Web site:	Braddon McCleland	term end, nominations welcome
Social Co-ordinator:	Ingrid Stavast	mid term, current

If you can get involved or would like to contribute please contact any of the committee members.

Johan Westraadt
FWDCSA-Port Elizabeth

Events Calender

Christmas Run	Kudu Kaya	Patensie	28 – 30 November 2008

RUN INFO : Kudu Kaya Christmas Run

Hi fellow club members. It's yet again time for our annual Christmas "Run" / Social although we won't be running anywhere but socializing a lot. After the success of last year's outing, we've decided that the Christmas "Run" would again be held at Kudu Kaya (in the heart of the Baviaans). The farm is situated in the Cambria area, 45km from Patensie, on the road to Willomore. There are an option of chalets or campsites on the farm "Ysrivier" owned by Petrus and Helene van der Watt. Kudu Kaya offer hiking trails that take one through indigenous vegetation and gorges and swimming in the rock pools. A large variety of birds, including Knysna Loeries can be observed while walking. The numerous campsites are amongst indigenous trees, which included plenty of yellowwoods.

Kids bring your bikes, costumes and towels.

Where	Kudu Kaya
Nearest town	Patensie
Total distance	+- 250 kms
When	28 – 30 November 2008
Departures	No convoy, leave PE and arrive at your own convenience
Trail cost	No Trail
Camp cost **Camping facilities** **Ablution facilities** **Chalet cost**	R30 / adult and R15 / child (age 5 -12 per night) Electricity, lights and fire places at campsite, No kitchen facilities, only washing basin. Facilities are complete, neat and clean. R120 / adult and R60 / child (age 5 -12 per night)
Provide For	Drinks and nibbles. All meals except Saturday evening.
Trail Grading	Not applicable
Info	The Saturday activities are: 1. Enjoy morning at own leisure (relax at camp, go for a walk, take a trip into Baviaanskloof etc.) 2. Inflatable water slide 3. Tractor ride for the kids. 4. Saturday evening meal 5. Father Christmas
Further info and bookings	Henk Terblanche 0823202488

NB: ALL VEHICLES MUST HAVE OWN FIRST AID KITS AND BASIC RECOVERY EQUIPMENT

Saturday evening meal

After considering the option for the Saturday evening meal, we concluded that another "Onderstebo Skaap" would do the thing. Tried and tested and always a success. Thank you Swanie!!. For the kids we'll make sure that some wors and rolls will be ready earlier for those hungry tummies. This will be accompanied by some salads and bread with butter and jam and even dessert.

Cost: R50 per adult, R20 for high school kids, younger than that FREE!!

Plates and cutlery will be supplied, but please bring your own drinks with glasses

.

Father Christmas will be visiting the kids, moms and dads, remember to assist Santa in his quest to give all the good kids a gift of around R50, wrapped and to be taken with for Saturday afternoon.

.

Feedback : Rooinek

Gun my die kans om my se te se !
Ek kon nog nooit verstaan waarom mense so bymekaar kom nie .
Weke se organisasie , twee dae se bakkie pak , oorpak en weer pak !
En nog steeds wil alles nie pas ! Soos gewoonlik kry vroulief en kinders hulle sin en pa se gemakstoel bly agter .
Dan die brandstof en ek besef skielik my begroting is in sy hel !
Die uittog uit die stad en die ooppad is heerlik .
Tot by Van Stadens want dan word daai gewraakte vraag vir die eerste maal gevra ! Hoe lank nog voor ons daar is ?
Al gehoor van gerieflikheidshalwe tydelike hardhorendheid ? Ma kan maar antwoord .
Met ons aankoms daar is ek eers spyt ek is daar. Wie met verstand is op n Vrydagmiddag lus vir bakkie afpak , tent opslaan , water aandra , fiets wiele pomp en moenie praat van matrasse nie ! Verdomde goed gaan in elk geval teen 10 uur weer pap wees . Glad nie goed vir my stywe rug nie .
Dink net hoe lekker kon ek nou Noot vir Noot by die huis gekyk het op my gemakstoel . Kinders kan ook nie verstaan hoekom hulle nie kan Mix nie . Watse plek is dit dan die dat hier nie selfoon sein is nie ?
Waar het jy gesien dat ek nog kos ook moet maak op n Vrydag ! Dog dis hoekom Kentucky daar is . Ek gaan slaap eerder honger .
Uiteindelik is dit laat genoeg om te gaan slaap . Eers weer matrasse pomp !
Teen 12 uur was die gesels en gelag van ander mense glad nie meer snaaks nie .
Gelukkig begin die wind die tente weg waai en die mense kom tot rus .
Salig maar die tent wat so wapper irriteer my grensloos .
Kan jy glo dat daar mense is wat op n Saterdag oggend 8 uur al op is, koffie drink en rondloop ! Wanneer moet mens rus ? Dan bespreek hulle jou wragtig waar tente en voertuie ! Tot roete wat bespreek word .
Dit was klaar n nagmerrie om by kampplek te kom . Wens hier was n car wash ! My Landrover is vol stof !
Vroulief se hoofpyn dien as verskoning om nie roete te ry nie . Darem een goeie ding wat sy die naweek gedoen het .
Toe die grootste skok van my lewe. Hulle gaan jou wraggies waar TWEE hele skape soos barbare in dromme gaar maak!
Dit terwyl ek nie rooivleis eet nie .
Gelukkig was daar genoeg lemoene en naarties. Hoe de hel gaan hulle cholesterol na die naweek wees ?Hulle weet beslis nie wat kultuur is nie want die paar bottels rooiwyn wat daar was ,was nie eers genoeg vir my nie ! Kon glad nie verstaan wat drom die mense so saam as daar na die vordering van die skape gekyk word nie .
Die rook, as en stof was te veel vir my . Dit laat mens nes stroois ruik !
Die brood en slaaie was dank vader onder dak en ek kon myself help.
Die troosprys wat ek gewen het was enigste ligpunt van naweek .
Ek was so verveeld teen 8 uur dat nie eers die pap matras my kon wakker hou nie !
Sondag oggend teen 9 uur was alles in my voertuig geboender en ek op pad.
Kon nie glo daar was mense wat verbaas was omdat ek so vroeg ry nie.
Gelukkig was kopseer aanvaarbare verskoning .
Dankie aan die lid wat my saam genooi het . Moet dit asb nie weer doen nie.
Ek is klaar met 4x4 op grond, stof en wind !

Annoniem

Feedback : Southern Region Rally @ Rooinek, September 2008

As verwelkoming word ons motordeur amper afgeruk wanneer ons stop by die kampeerplek by Rooinek. Die wildste wind ter wêreld waai ons in verwoesting in. Ek dink benoud aan die uitkamp: hoe slaan 'n mens tent op in die middel van 'n orkaan? Hoe bly die tent staande? Gaan ons saam met die tent opgeswiep word en in die duisernis weggewaai word?

Ek is 'n redelike nuwe kampeerder. Die enkele vyf kere tevore was die weer ons genadig.

Daar is reeds 'n groepie kampeerders van Port Elizabeth daar as ons die motordeure met brute geweld toestoot. Ons wapper nader om te groet. Die wind waai meeste woorde by ons monde uit, maar die boodskap kom darem deur: Hallo! En almal sê: Welkom Hier By Ons!

Ons voel dadelik tuis. Die Port Elizabeth families is deur die bank hartlik en vriendelik en gesellig.

Ons kuier-kuier so deur die kamp. Ek dink Ben probeer die opstel van die tent uitstel of dalk afstel! Ons loop so skeef soos vraagtekens en my voetjies wil-wil die aarde verlaat.

Ek dink aan my Pa se woorde - (in sy diep Kaapse stem verduidelik hy aan ons jong kinders hoekom hy die Groot Trek Transvaal toe van stapel gestuur het): "Ek kan koue vat. Ek kan reën vat. Ek kan wind vat. Maar ek kan nie meer almal op *een* dag vat nie!" Ek wonder of ek Pa se Kind is…

So gaaf as wat die Port Elizabeth mense is, niemand bied aan om ons tent vir ons op te slaan nie. Hmmm…

Teen die tyd dat ons die tent grond toe geworstel het, die flappe platgeduik het, en die gazebo'tjie beurend en kreunend met spoeg, putty, toue, wrede woorde en gebed staan gemaak het, is Ben *bleek*. Die tent staan so windskeef soos 'n *Italic font*: een enorme tsunami van 'n vou loop diagonaal dwarsoor die tentvloer. Maar daar is nesgeskop!

Dis alles deel van die avontuur. Die vesting is vasgeanker en veilig vir sy vinkwyfie, volgens Ben, en nou het die man verkriklik vinnig versnapering nodig.

Dit was nog vroeg Vrydagmiddag, en daar was tyd om gou 'n lafenissie by *Padlangs* te geniet nadat ons in Patensie 'n paar goedjies gekoop het. Ek kry vir Ben 'n lekker Skotse pet met 'n windmaker blou tossel bo-op vir die naweek, en die man pronk met styl.

Terug by die kamp is meeste van die mense daar, en die gesellige gekuier word voortgesit. Ek ly aan Altzheimers Lite, so die baie nuwe name neem 'n rukkie om vas te steek in die koppie. Ons Tuinroete groepie is maar yl gesaai die naweek: Andrew en Michelle daag eerste op met 'n splinternuwe spoggerige *drie*slaapkamer tent met 'n *voorkamer* ook nog. (Net vir die rekord, ons het so *effens* gehelp om hulle tent op te slaan…)

Derek en Theresa van Plett was volgende. Hulle hoef niks op te slaan nie, hulle ry sommer met die hele huis bo-op die 4X4. (Ek is tog so baie beïndruk).

Die son sak, die vure brand. Die wind, genadiglik, het sy speelgoed klaar uit die bababed gegooi en homself uitgewoed, moeg stert tussen die bene gaan lê. In die lapa is dit vreeslik gesellig. Daar word baie gelag. Laterig in die aand daag Tizzy en Ciska op, en hulle moes alles self opslaan, die arme mense. Teen daardie tyd was niemand ernstig geïnspireer om hulle te help nie. Vir troos was ons darem baie gaaf met hulle toe uiteindelik by ons aansluit.

Die kampeerplek was baie vol. Daar het 'n tentedorp verrys het uit die gras uit. Oral was kleintjies aan die hardloop. Daar was baie fietse. Daar was 'n gejil en gelag en enige buitestaander sou maar moes droëbek staan en kyk na die samehorigheid en binding tussen die Wes- en Oos-Kaapse mense.

Johan is die Leader of the Pack. Johan Pop Rivet, stel hulle hom aan my voor. Ek maak maar of ek weet wat 'n Pop River is. (ex-Johannesburg poppie *et al*…)

Johan en Ben is beide uitgaande, warm persoonlikhede, en die een wat nie by hulle tuisvoel nie, moet eintlik nog gebore word. Ons het inderdaad baie tuis gevoel en baie lekker gesels met almal.

Ons ontvang ook elkeen 'n geskenkpakkie met njammies. Die gelukkige nommer kry ook 'n prys aan die einde van die naweek. Ons hoop dis ons!

Na ontbyt word die groep in twee verdeel: ons is te veel om al die roetes saam te ry. Ons groepie is die laaste. Johan lei die eerste groep. Henk lei ons groep. Nou moet ek eers verduidelik: hierdie ex-stadsmeisie is blootgestel aan 4x4 sedert Ben haar daaraan voorgestel het 'n jaar gelede. Hy het sonder seremonie sy geliefde Wa aan my oorhandig en beveel: *ry*! Sedertdien ry ek elke roete. So ek is aan die stuur van sake van die begin af. Berg op, berg af. Los klipperige glyerige skrikkie stukke. Op een stadium haak my asem *vas* in my keel van angs. Dis *hòòg* en *styl*. Die dif-lock-low-range (ek ken nie die Afrikaanse terme nie – sorrie!) is ge-engageerd (*daar's* darem 'n Afrikaanse woord!) en ek poet-voet teen die styltes uit. Ek Praat In Tale, vergeet skoon Ma het my grootgemaak om 'n dame te wees.

Opwindend!

Na ete pak ons Hoofstuk Twee aan. Weer eens ry ek. Hierdie roete is ‘n heen-en-terug roete, en aan die einde van die roete is die mooiste uitsigte oor die Baviaanskloofberge.

Ben vra mooi: “Dink jy ek kan maar terugry? Ek wil so graag voel hoe is dit om ook weer ‘n roete te ry.”

Hoe lekker om weer passasier te wees en die skoonheid van die omgewing te kan indrink!

Drie hoera’s vir Andrew en Michelle wat die tweede rit saam met ons gedoen het! Ons Tuinroete kollegas het loop skuinslê vir die middag! Huh!

Saterdagaand is die formele funksie. Die lapa-vuur brand hittig en knetterend. Daar word baie gelag en geskerts. Ben lyk skoon windmakerig met sy tosselhoed.

Ons is so beïndruk met die Port Elizebtiane se gasvryheid. Tizzy en Ciska het nie geweet van die verpligte vooraf-bespreking nie, en het rustig eenkant hulle eie vleisie begin braai by hulle eie vuurtjie in die kampplek. Nonsens, besluit Johan. Hy gaan pluk hulle daar uit en plant hulle voor die lapavuur neer. Eet saam, beveel hy, daar is meer as genoeg kos. Dankie Johan, vir julle onbeskryflike gasvryheid en warmte!

Ben en ek wen nie enige prys nie. Ons neusies is sommer uit lit uit. Sug!

Swannie is die hoofindoena in beheer van Die Skape. Daar was twee groot dromme waaruit die stoompies gedraai het. Binne-in is Onderstebo Skape, word daar vertel. Ek het nog nooit van ‘n Onderstebo Skaap gehoor nie.

Twee mans vat die lappe bo-op weg, en beurend lig hulle die skape uit. Die oorlede woldraers was versigtig gesuspendeerd aan ‘n stok, en het saffies gestoom binne in die dromme. Hulle is opgekerf, en die vleis het gesmelt in ons monde. Die slaaie was oorvloedig en heerlik. Ons het geëet soos konings. Dankie aan die manne en vroue wat al die harde werk gedoen het!

Almal het sakke sappige lemoene en nartjies van die plaasboer gekry.

Ons het ook ‘n boom geplant. Of dalk is nader an die waarheid as ek sê *Ben* het ‘n boom geplant en *ek* het help kreun en kyk. Dis ‘n tradisie van die Oos-Kaap ouens om by elke roete ‘n geelhoutboom te plant. Ben het namens die Wes-Kaap die boom geplant. Dit kry ‘n plaatjie: BEN SE BOOM. Ek hoop nie mense dink dis waar hulle dagga kan koop nie! Dit was ‘n Groot, Plegtige Seremonie. Ben moes tot sy eie gat grawe!

Ek dink nie daar is een gesin wat dit nie gesellig en aangenaam gevind het nie, en dis jammer dat so min van ons Tuinroete vriende dit kon maak. Dit was die moeite werd!

Dankie aan almal daar in die verre Ooste wat dit so aangenaam gemaak het!

Olga Bosman.

.....Gala optrede deur die Oosterland meisies koor onder leiding van Linda Claasens .....
.....met trom begeleiding deur Rhode Terblanche te Herroncliff op 12 Oktober 2008 .....

Feedback : Oosterland Kinderhuis naweek (10 – 12 Oktober 2008)

Hierdie jaar was my 1ste keer wat ek saam met die klub na die Oosterland Kinderhuis naweek gegaan het. Toe Swannie my vra vir die "Write up" was ek glad nie entoesiasties nie. Gee vir my kos en kinders en ek is tuis, maar skryf !! Ek besluit maar toe om uit my hart te skryf oor die naweek.

Vrydagmiddag het ons almal by Steers in Algoa Park bymekaar gekom – Willie se karavaan het amper voor sy bakkie daar aangekom (karavaan het afgehak oppad soontoe).

Die meisiekinders was baie opgewonde toe ons by die kinderhuis kom. Mara, een van die huismoeders het saam met my gery, dit was ook haar 1ste naweek. Die kinders het vir haar voor die tyd gesê: "… tannie jy verstaan nie, as jy nog nie self daar was nie, die kos, alles …"

Daar aangekom is die tente eerste opgeslaan, vir die kombuis en die verblyf. Die meisiekinders het "Hot Dogs" geëet en daarna het hulle begin help om die army tent op te slaan.

Aandete is bedien vanuit die Eetkamer (tent) en almal het tot laat lekker gekuier om die vuur. Saterdagoggend na ontbyt het die klomp gaan 4x4. Die namiddag na die roete was almal baie honger, maar Zelda was weereens gewapen met genoeg kos om hulle vol te maak. Daar is lekker geswem en op die vlot gery, met Linda die grootste bok vir sport van almal. Nadat sy seker gemaak het dat daar geen rotse onder die water is nie, het sy voortgegaan om te kyk wie die grootste bom in die water kan maak. Die meisies het haar vreeslik geniet. Saterdagaand was die klomp lekker moeg – baie van hulle het glad nie geslaap Vrydagaand nie. Die opwinding was te groot. Na lekker braaivleis en aartappel slaai het die meeste gaan inkruip. Die paar meisies met "Duracell" batterye het tot laataand om die vuur gesit en gesels.

Sondagoggend het ons lekker gesing, 'n kort boodskap uit die Bybel gelees en 'n heerlike ontbyt genuttig. Die groot oppak, afbreek en skoonmaak het daarna gevolg.

Oppad terug het ek in my mou gelag toe Mara vir my vertel van haar "lekker" slaap, Saterdagaand. Sy het Vrydagaand 'n opblaas matras gekry om op te slaap, met die gevolg dat sy die heel aand bly afrol het. Kom Saterdagaand, vat sy van die "Duracell" meisies se matrasse en sit dit langs mekaar. Sy sê die matrasse was meer ingestel op haar.

Net 'n laaste gedagte:
Ons het so baie om voor dankbaar te wees. Hou op met moan en kla oor alles in die lewe, waardeer jou gesin en familie 'n slag. Die naweek was 'n sëen vir my. Dankie aan ons Hemelse Vader dat Hy dit gesëen het. Dankie aan Zelda en Linda, julle het baie en nog meer geröel en gedoen vir die naweek. Dankie aan elkeen wat geskenkpakkies gegee het, teenwoordig was om te help en handtjie bygesit het.

Rhodé

Willie se kombuis----------Zelda se kombuis

Feedback Driver Training day : 1 November 2008

Personal comment on Driver Training Day :

Wheel wisdom
That was
Well researched
And
Well presented
By the
Well versed

Hans Bester

FOOD ON THE RUN !

So many people have sent me this that I have now decided to put it in again, although we've had it in before. If you have not tried this, believe me it works!!!!

Good for when all your family is together. The best part is that no one has to wait for their special omelette!

How to do :

1. Crack 2 eggs (large or extra-large) into the bag (not more than 2) shake to combine them.
2. Put out a variety of ingredients such as: cheeses, onion, mushrooms, green pepper, tomato, hash browns, salsa, etc.
3. You can make up the bags yourself OR each guest can add prepared ingredients of choice to their bag. Shake it. Make sure to get the air out of the bag and zip it up.
4. **Place the bags into rolling, boiling water for exactly 13 minutes**. You can usually cook 6-8 omelettes in a large pot. For more, make another pot of boiling water.
5. Open the bags and the omelette will roll out easily.
6. You can make the bags the night before and then cook the next day. Great for when you are going on a trip.
7. You do not have to cut them open – just UNZIP!!!

We want to encourage everyone to send in his or her own trusted recipes & ideas. By sharing we all get new ideas to make LIFE ON THE RUN interesting.

Forward any recipes to me at: drocher@absamail.co.za **Daleen Rochér**

FUNNY : Signs to make you laugh

Sign over a Gynecologist's Office:
'Dr. Jones, at your cervix.'

In a Podiatrist's office:
Time wounds all heels.'

On a Septic Tank Truck:
Yesterday's Meals on Wheels

On a Plumber's truck:
'We repair what your husband fixed.'

On another Plumber's truck:
'Don't sleep with a drip. Call your plumber.'

On a Church's Bill board:
'7 days without God makes one weak.'

On a Maternity Room door:
'Push. Push. Push.'

At an Optometrist's Office:
'If you don't see what you're looking for, you've come to the right place.'

On a Taxidermist's window:
'We really know our stuff.'

On a Fence:
'Salesmen welcome! Dog food is expensive!'

At a Car Dealership:
'The best way to get back on your feet - miss a car payment.'

Outside a Car Exhaust Store:
'No appointment necessary. We hear you coming.'

In a Vets waiting room:
'Be back in 5 minutes. Sit! Stay!'

And don't forget the sign at a
RADIATOR SHOP:
'Best place in town to take a leak.'

FOR SALE

2006 Toyota Hilux 3.0 D4D 4x4 (D/C)

65 000 km, FSH, Canopy, tow bar and 5 new Bridgestone tyres. Service plan to 90 000 Km.
R 215 000.

GEORGE FRIEND
Tel: 041 365 3521
E-pos: gfriend@pe.moorestephens.co.za

Code of Conduct : Members to abide by

- Be considerate and helpful to all
- Keep your vehicle mechanically sound
- Adhere to laws and regulations
- Obtain permission before entering private or state land
- Leave all gates as found
- Keep to roads and tracks
- Drive responsibly at all times
- Prevent soil erosion
- Respect wildlife, plants and trees
- Prevent fires at all times
- Safeguard water supplies
- Leave no litter
- Respect the right of others to peace and solitude

Runs Protocol

- Every driver to ensure they can see the following vehicle & always wait at turn-offs for the following vehicle.
- If and when you lose sight of the vehicle behind you - stop and wait for them to catch up again.
- Every following vehicle to endeavour to keep the leading vehicle in sight.
- Take note of who is leading and trailing you. If they disappear, inform run co-ordinators ASAP.
- Remain in the order in which you set out.
- Stops will be planned for the route, these to be adhered to.
- At obstacles, leave the vehicle in front of you sufficient room, enough to reverse if he needs to. When stopping on steep hills, bear the following vehicles in mind, which might have to pull away against that incline.

Members details (NOT updated) : for use by members only.

LastName	FirstName	MobilePhone		LastName	FirstName	MobilePhone
Bergmann	Bennie	082-444-5656	**continue…**	McClealand	Braddon	082 461 6054
Bester	Hans	082 555 2754		Pieters	Dawie	
Bezuidenhout	Michael	082 372 8498		Naude	Willem	082 9301 396
Booysen	Attie	083-451-1165		Pietschman	Thomas	082-371-2711
Botes	Bennett	083 996 9141		Postma	Adrienne	082-787-7598
Bouwer	Barry	082-657-4612		Potgieter	Nat	083-656-3771
Burchardt	Thomas	0825571862		Reyneke	Braam	082-3219120
Classen	Johan	082-576-5415		Rocher	Pierre	082-873-9127
Corlett	John	084 4221565		Saunders	Ross	082-7701653
Croney	Winston	082-868-4240		Saunders	Trevor	083-6615094
De Jager	James	082 778 9931		Schoombie	Sarel	084-5829494
De Kock	Mike	825529195		Scott	Shane	082-6112581
De Vos	Andre	083-2751792		Shaw	William	083 270 4396
Deyzel	Robbie	082-557-5761		Smart	Gordon	
Dreyer	Jasper	0823701557		Smith	Freek	083-227-4125
Dreyer	Suzy	083-320-6007		Smith	Ivan	083-4592242
duToit	Tertius	0836266332		Stapelberg	Frans	082-7736205
duToit	Barry	082-650 1629		Stavast	Christiaan	083-455 7615
Dwyer	Kevin	082 5533 713		Stock	Robin	082-9054738
Ferreira	Kevin	082-3246200		Strydom	Deon	082 773 2224
Futter	Graham	0833072125		Swanepoel	John	082-822-5307
Friend	George	082-7829816		Terblanche	Henk	082-3202488
Gouws	Ryno	082-800 9282		Theron	Jacques	082-450-1999
Gouws	Gavin	082 3737609		Theron	Riaan	082-653-0443
Grobler	Hannes	084-450-3679		Van Den Berg	Sam	083 243 0386
Harth	Trevor	082-6599898		van Heerden	Eugene	082-4126918
Hayes	Zane	082-774-8198		Van Niekerk	Jan	082-573-1431
Higgs	Aubrey	082-8001476		Van Niekerk	Maruis	082 955 3934
Jenkinson	Dennis	834535743		Van Rooyen	Helgard	083-3603833
Joubert	Rosemary	083-218-6488		Vlok	Anton	082-8890664
Kleyn	Gys	083 261 5474		Vosloo	Derick	082-656-2999
Leo	Wesley	082-6191750		Wentzel	David	083 452 0822
Louw	Andre	084-7046938		Wepener	Hennie	0828078343
Mackenzie	Dion	0834540629		Westraadt	Johan	082-770-9077
Maarschalk	Henri	082 5004 901		Wiseman	Ronald	083-6567525
Malan	Willie	082-804-5770				